

Bundel K, Jesaja, dag 2

1. Gebed

Voor ons die Woord open, kom ons bid saam.

2. Skriflesing

Maak jou Bybel oop by Jesaja 1:2-10. Ons gaan dit saam deurwerk.

3. Die benadering

Soos verduidelik in dag 1, is fetilik die hele Jesaja in digvorm geskryf. Die eerste lesers het dus 'n gedig geles. Toe ons I Petrus deurgewerk het, het ons die logies argumente probeer volg met indentering en simbole. Met 'n gedig is die volgorde van woorde soms omgeruil ter wille van die gedig. As deel van die digstyl kry ons verskeie tegnieke soos herhaling en rym ensovoorts. 'n Gedig word nie net met logika geles nie, maar ook met gevoel. Ons gaan dus poog om dieselfde te doen. Ek het die berymings biddend gedoen in 'n daadwerlike poging om so naby aan die Nuwe direkte vertaling as moontlik te bly. Waar ek soms gesukkel het met die woorde het ek na ander vertalings en soms ook na die betekenis van die sin probeer kyk om keuses te maak ter wille van die rym.

So, ons gaan vir paar verse die teks soos in die Nuwe direkte vertaling lees en dan die ekwivalente gedig. Vandaar af gaan ons die dinge wat ons in die deel sien vanuit die gedig bespreek.

4. Skrif bestudering

4.1. **Wee die HERE se volk, sonder kennis, met sonde belaa, wat die Heilige verag**

2 Luister, hemel, en gee aandag, aarde, want die HERE praat: "Kinders het Ek grootgemaak en opgevoed, maar hulle het teen My in verset gekom. (Jes 1:2)

Luister **hemel, aarde** jy moet getuie wees,
hoor as **die HERE praat, Sy aanklag** lees:
Kinders se grootmaak het deur My gekom,
maar hulle het teen My in verset gekom. (Jes 1:2)

Hierdie vers skets vir ons die prentjie van 'n verhoor. Die hemel en aarde word as getuies geroep. Die HERE is die aanklaer en sy kinders is in die beskuldigde bank. Hy het hulle grootgemaak en opgevoed, maar hulle het teen Hom in verset gekom.

Let op HERE word het met vier hoofletters gespel. Die Nuwe direkte vertalings doen dit konsekwent as die Hebraiese woord Jahveh gebruik word. Dis hoe die Here homself aan Moses bekend gemaak het in Eksodus 3:1-14 met "Ek is wat Ek is." Hierdie naam van God is die naam wat gebruik word vir die Verbondsgod. Die God wat sy volk uit Egipte uitgelei het

en spreek van sy onveranderlike verbondstrou. Dit kom 373 keer in die boek Jesaja voor teenoor byvoorbeeld die boek Daniël waar dit net in Daniël 9 voorkom. Hierdie verhoor gaan dus oor die ontroue verbondsverbreking van die volk. Die ontrou word beskryf in verse 3 en 4:

*3 'n Bees ken sy eienaar
en 'n donkie die krip van sy besitter.
Israel het egter nie kennis nie,
my volk toon geen insig nie."*

*4 Wee 'n sondige nasie,
'n volk swaar belaaï met sondeskuld,
'n geslag kwaaddoeners,
kinders wat hulle wangedra!
Hulle het die HERE verlaat,
die Heilige van Israel verag,
Hom die rug toegekeer. (Jes 1:3-4)*

Ek het hierdie verse so berym:

Die bees **ken** sy eienaar
die donkie kan sy besitterkrip **gewaar**
maar **My volk** se **kennis** is te lig
ja, **My volk** toon geen **insig**. (Jes 1:3)

Wee 'n nasie wat hul **sondig** gedra,
'n volk met **sondeskuld** belaaï,
'n geslag wat **kwaad doen** om elke draai
kinders wat hulle **wangedra**.

Hulle het **die HERE** verlaat
veragting van die Heilige, hul daad
Hom, die Heer
die **rug toegekeer**... (Jes 1:4)

In vers 3 sien ons hoe die "kennis" in elke lyntjie herhaal word. Sulke sinne wat herhaal, word ook parallisme genoem. Dis sinne wat herhaal om iets te beklemtoon of soms ook 'n kontras uit te wys. Hier gebeur beide. Ons sien die kontras waar dom diere se kennis beter blyk te wees as die kennis van God se volk. Net in die vorige vers is na hulle as "kinders" verwys wat deur God opgevoed is. Hulle moes dus hul eienaar ken en water by Sy krip kom drink. Daarom begin vers vier met wee hulle...

Al vier lyntjies van die strofe herhaal die skuld van Sy volk, Sy kinders:

Nasie – sondig
Volk – sondeskuld
Geslag – kwaad doen
Kinders – wangedra

Ons het reeds gesien dat hier gepraat word van HERE, die Verbondsgod. In vers vier word hier ook gepraat van die Heilige. Dis ook 'n baie sterk tema in Jesaja. Ons sal meer daaroor gesels by Jesaja 6, by die roeping van Jesaja. Daar staan byvoorbeeld:

1 In die sterfjaar van koning Ussia het ek my Heer sien sit op 'n hoë en verhewe troon. Die some van sy kleeed het die tempel gevul. 2 Serafs het bo Hom gereedgestaan. Elkeen het ses vlerke gehad: Met twee vlerke het elkeen sy gesig bedek, met twee het hy sy voete bedek en met twee kon hy vlieg. 3 Hulle het na mekaar geroep en gesê: "Heilig, heilig, heilig is die HERE, Heerser oor alle magte! Die hele aarde is vol van sy heerlijkheid." (Jes 6:1-3)

Die Heilige God is die gans andere. Mense wat die Heilige God sien, val neer in vrees dat hulle gaan sterf. Hierdie herhaling beklemtoon die ondekbaarheid van hierdie verset.

Die HERE word verlaat
Die Heilige word verag
Hulle draai hulle rug op Hom!

So, hierdie drie strofes kan ons so opsom:

**Wee die HERE se volk,
sonder kennis,
met sonde belaaï,
wat die Heilige verag.**

4.2. Die hele ligaaam is verwond, die hele land is verwoes, maar julle bly steds onversetlik?

*5 Waarom wil julle
nog geslaan word,
en hou julle vol
met julle onversetlikheid?*

*Elke kop is siek,
elke hart is swak.*

*6 Van die voetsool tot die kop
is daar nie 'n gesonde plek nie,
net hale en kneusplekke
en oop wonde.*

*Dit is nie gedreineer nie,
of verbind of versorg met olie nie.*

*7 Julle land is 'n woesteny;
julle stede is met vuur verbrand.*

*Julle landerye — voor julle oë
verteer vreemdes dit;*

*ja, dit is 'n woesteny,
asof vreemdes dit verwoes het. (Jes 1:5-7)*

Ek het dit so berym:

Waarom wil julle dat ek moet aanhou slaan
hoekom bly julle in onversetlikheid staan?

Elke kop is aan die pyn,
elke hart is aan die kwyn.
Van die voetsool tot die kop
kom nie een gesonde plek op,
net hale en oral gekneus,
oop wonde onbloom die vlees.
Dis nie ge-olie of gedreineer,
of verbind om infeksie te keer. (Jes 1:5-6)

Julle land is 'n woesteny,
julle stede as verbrande as nie te kry.
Julle landerye is deur ander verteer
vreemdes se verwoesting kon jul nie keer. (Jes 1:7)

So, in die begin van vers 5 sien ons, die HERE bly tug, maar die volk bly onversetlik
Die digter wys ons dat die die hele liggaam vol onversorgde wonde is met die woorde:
"Elke" (2 keer), "nie een", en "oral". Hierdie wonde is oop en nie behandel of verbind nie.

Met dieselfde herhalende tegniek wys hy die land, die stede en die landerye is verwoes,
verbrand en verteer.

In kort kan ons dit opsom as:
Die hele liggaam is verwond,
die hele land is verwoes,
maar julle bly steeds onversetlik?

4.3. Weerlose dogter, oorblyfsel van die Heerser van alle magte, luister na die HERE se Woord!

8 Die dogter van Sion het oorgebly
soos 'n taks-kerm in 'n wingerd,
soos 'n oornagskerm
in 'n lappie komkommers,
soos 'n beleërde stad. (Jes 1:8)
9 As die HERE,
Heerser oor alle magte,
nie vir ons 'n klein oorblyfsel
agtergelaat het nie —
soos Sodom sou ons geword het,
aan Gomorra sou ons gelyk gewees het.
10 Luister na die woord van die HERE,
gesaghebbers van Sodom!
Gee aandag aan die wet van ons God,
mense van Gomorra! (Jes 1:9-10)

Ek het dit so berym:

Die dogter van Sion het oorgebly
soos 'n wingerd se **takskerm**
soos 'n komkommer **oornagskerm**
soos 'n **beleërde stad** is sy. **(Jes 1:8)**

As die **HERE**, **Heerser oor alle magte**, se daad
nie vir ons 'n **klein oorblyfsel agterlaat**
soos **Sodom** sou ons geword het
so gelyk soos **Gomorra** gewees het. **(Jes 1:9)**

Luister na **die woord** van God,
gesaghebbers van **Sodom!**
Gee aandag aan **die HERE se gebod**,
mense wat van **Gomorra** kom! **(Jes 1:10)**

Vergelyking en herhaling beklemtoon dat die volk, die dogter, weerloos geword het

As dit nie vir die HERE se genade was nie, sou dit nog erger gewees het, hulle sou soos
Sodom en Gomorra gewees het

Want hulle het soos Sodom en Gomorra opgetree, so die oproep word ook met herhaling
beklemtoon:

Luister na die HERE se Woord

Die sinsnede, "**HERE, Heerser oor alle magte**" of soos in die 1953 vertaling vertaal: *Here van die leërskaar*", kom 62 keer in die boek Jesaja voor. In die hele Bybel word dit gebruik om te praat van 'n weermag, 'n skare engele of selfs die die hele skepping. Die Here is die heerser oor al daardie dinge. Dis hoekom die 1983 vertaling dit vertaal het met die Here, die Almagtige. Ons sien dit baie duidelik in Jes 37:16: *HERE, Heerser oor alle magte, God van Israel, wat bo die gerubs troon, U alleen is God oor al die koninkryke van die aarde; U het die hemel en die aarde gemaak. (Jes 37:16)*

So, hier in vers 9 leer ons hom ken as die Heerser oor die vyand wat die verwoesting gesaai het en wat ook heers oor hulle. Hy kon hulle maklik soos Sodom en Gomorra laat word het. Onthou jy nog? Sodom en Gomorra was die twee die stede waarin nie eers tien regverdig mense gekry kon word nie en deur vuur verteer is waarvan ons in Genesis 19 lees.

Daar is nog 'n sinsnede wat as tema in die boek Jesaja gekry word in hierdie vers: "*'n Oorblyfsel.*" Paulus haal hierdie vers aan in Rom 9:29, as hy die uitverkiesing veruidelik. Die mens is ongehoorsaam en almal verdien die straf, maar God kies 'n klein oorblyfsel wat gered word.

Kyk maar na die twee voorbeelde:

Tog sal by hulle 'n stomp oorbly, soos van 'n terebint en 'n eikeboom wanneer hulle neergevl is. Die stomp van die land is 'n heilige geslag (Jes 6:13).

Die volk wat as 'n afgesnyde stomp beskryf. Maar dan word die beeld, 'n beeld van geweldige troos as dit die belofte van die Messias word:
'n Takkie sal spruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra. (Jes 11:1)

Vandag se gedeelte begin met die aanklag: *My volk toon geen insig nie. (Jes 1:3)*
Jesaja sluit dan vandag se gedeelte af met 'n dringende oproep: Luister! Gee aandag! En hoekm? want julle is soos Sodom en Gomorra en verdien dieselfde straf!

My liewe broer en suster, die eerste hoofstuk van die boek is 'n afbeelding van die hele boek. Ons sal more verder gaan met die hoofstuk, maar die eerste 10 verse is soos die eerste deel van die boek met oordeelsuitsprake. Dit openbaar baie sterk wie God is en wie die mense is en klein straaltjies van hoop skemer deur vir die Verlosser wat gaan kom.

Daarom is die oproep ook tot jou, skuldige en ontroue verbondskind. Luister na die woord van die HERE, die verbondsgod, die EK IS, en val voor die Heilige neer in skuld belydenis.

4.4. Samevatting

Die gedeelte lei die hofaak in en ons sien die drie partye as
Getuies, die HERE as aanklaer, kinders se verset

Wee die HERE se volk,
sonder kennis,
met sonde belaa,
wat die Heilige verag

Soos die HERE roep is
Die hele ligaaam is verwond,
die hele land is verwoes,
maar julle bly onversetlik?

Weerlose dogter,
oorblyfsel van die Heerser van alle magte,
luister na die HERE se Woord!

So in kort saamgevat:
Kennisllose, sondige, verwonde en weerlose dogter,
oorblyfsel van die Heerser van alle magte,
luister na die HERE se Woord!

4.5. Oordenking

Om vinnig na 'n kort video te luister help 'n klein bietjie, maar dit word eers jou eie as jy dit oordink. Wat het jy vandag van God geleer? Hy het vir ons drie van sy name geopenbaar:

HERE, die verbondsgod, HERE, Heerser van alle magte en Heilige. Hoe spreek dit tot jou?
Wat anders het jy nog van Hom gesien?

Wat het die gedeelte jou van die mense geleer? Hoe spreek dit tot jouself?

4.6. Dankbaarheid

Waarvoor wil jy die Here dank na jou oordenking? Waartoe dring die Gees jou vir hierdie week? Skryf vir jou 'n baie spesefieke "Ek gaan..." sin neer.

4.7. Aanbidding

Sluit hierdie sessie af in gebed soos die Gees jou lei.